

Les 25

Teks: Johannes 9: 13 - 23

1. Inleiding

Ons fokus vandag op die tweede gedeelte van die blinde man wat genees is. Hier kom 'n natuurlik 'n sabbatskontroversie en betwyfeling van die wonder aan die beurt. Wat eintlik interessant is, is die feit dat die een die ander uitsluit. Indien Jesus hierdie man genees het op die sabbat was Hy in die moeilikheid by die Fariseërs, maar as die man nie werklik genees is nie maar 'n ander man is. Dan het Jesus mos niks verkeerd gedoen op die sabbatdag nie. Daarom kan die vraag in hierdie gedeelte opgesom word in volgende, Is Jesus 'n sabbatsbreker of 'n oneerlik wat die wonders betref? In ieder geval is die Fariseërs tevrede om Hom skuldig te bevind op ieder een van die aanklagte.

2. Die Sabbat

Die vierde gebod eis dat daar gerus word van alle werk op 'n Sabbat. Maar hoe nou gemaak met koninkrykswerk? Vir die eerste keer noem Johannes dat die genesing op 'n sabbat plaasgevind het. Sommige mense beskou dit as 'n latere byvoeging in die geskiedenis, maar die suggestie is dat hierdie besonderhede die grootste deel van die daaropvolgende bespreking reguleer. Maar die die Evangelis staan egter nie lank stil op hierdie Sabbatsaangeleenthede nie, maar beweeg aan na die swaarder Christologiese kwessies waarop 'n sabbatsgenesing dui.

Uit die oogpunt van sommige Fariseërs het Jesus ten minste die mondelinge wet oor die sabbat op twee, en miskien drie maniere ge-oortree. Genesing was verbode, behalwe vir gevalle waarin die lewe self in gevaar was, wat beslis nie uitsondering is wat hier van toepassing was nie, aangesien die man al blind gebore is. Daarbenewens was die knie van deeg in die verbode kategorieë werk, en die aanmaak van die modder sou waarskynlik onder daardie verbod val. En ten slotte was daar 'n verdeeldheid tussen die owerhede of die salwing van die oë op 'n sabbat wettig was of nie. Die kombinasie van hierdie faktore het die gevoel van openlike, verwondering wat hulle moes ervaar het, verander in agterdog.

3. Het die wonder regtig plaasgevind?

Hierdie ouers van die blinde man gaan op 'n interessante manier om met getuienis. Die ouers is ongemaklik met die Jode se aanval in vers 18. Daarom is hulle bereid om net die eerste vraag aan hulle te antwoord. Dit is inderdaad hul seun, en hy is inderdaad blind gebore. Hierdie antwoorde sal hulle nie in die moeilikheid bring nie. Wat die tweede vraag betref: hoe hy nou kan sien of wie sy oë oopmaak, verwys hulle na hulle seun om dit self te antwoord. Hy is oud genoeg, beteken waarskynlik dat hy oud genoeg is om self regtelike getuienis af te lê, dit wil sê volgens die kultuur ten minste dertien. Dit is onredelik om te dink dat hulle nie geweet het wie die genesing gedoen het nie, al is daar geen aanduiding dat hulle wel by die genesing self teenwoordig was nie. Alhoewel die ouers dus hul eie verhouding met die owerhede bewaar, moes die antwoorde wat hulle gelewer het, redelik onaangenaam gewees het. Hulle getuies het dit vas gemaak dat 'n noemenswaardige wonderwerk wel plaasgevind het.

4. Christus bring verdeeldheid.

Johannes se lesers moet, as hulle enigsins simpatiek teenoor Jesus raak, hulself vereenselwig of met die ouers, wie se geloof nie sterk genoeg was om met moed op te tree nie, of met die geneesde man, wat 'n groeiende begrip van Jesus het.

'n Onsimpatieke benadering sou natuurlik hulleself vereenselwig met die Fariseërs. Met die invloedryke mense van die tyd. Hierdie invloedryke mense se bepalings word dan sonder enige kritiek of agterdog aanvaar.

5. Teksverwysings

1. Deut 13: 1 -5
2. Matt 7: 21 - 23
3. Matt 12: 1 - 8
4. Joh 7: 40 -43
5. 2 Thess 2:9

6. Vrae

1. Wat mag gedoen word of nie gedoen word op 'n Sabbat of 'n Sondag? (Vgl H. K Sondag 38)
2. Wat impliseer die werk op 'n sabbat oor 'n persoon se amp of dienswerk?
3. Is wonders en genesings die toets vir 'n ware geloof, verduidelik?
4. Die daar vandag nog die vrees vir gesag in die kerk en wêreld?
5. Word ons nog vandag geroep om openlik ons geloof te bely?

7. Bronne

1. Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.
2. *Verwysingsbybel 1983-vertaling*. (1998). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.